

## GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

---

### DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT NOTICE 949 OF 2017

#### PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE INTERNATIONAL CRIMES BILL, 2017

1. Notice is hereby given in terms of Rule 276(1)(b) of the Rules of the National Assembly that the Minister of Justice and Correctional Services intends to introduce the International Crimes Bill, 2017, in the National Assembly shortly.
2. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 276(1)(c) of the Rules of the National Assembly.

The Bill seeks to criminalise conduct constituting international crimes; to regulate immunity from the prosecution of international crimes; to grant extra-territorial jurisdiction to the courts in respect of international crimes; to regulate the investigation and prosecution of allegations of international crimes; to provide for the extradition of persons accused or convicted of international crimes to foreign States; to provide for the surrender of persons accused or convicted of international crimes to entities; to provide for cooperation with entities in respect of international crimes; to repeal the Implementation of the Rome Statute of the International Criminal Court Act, 2002; to amend the Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013, so as to confirm immunity for certain persons from prosecution in respect of the crime of torture; and to provide for matters connected therewith.

3. A copy of the Bill can be found on the websites of the Department at <http://www.justice.gov.za> and that of the Parliamentary Monitoring Group at <http://www.pmg.org.za> and, after introduction, may also be obtained from: Government Printers: Cape Town (Telephone number: (021) 465-7531).

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**  
**KENNISGEWING 949 VAN 2017**

**PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP  
OP INTERNASIONALE MISDADE, 2017**

1. Kragtens Reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wetsontwerp op Internasionale Misdade, 2017, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.
2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomsdig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp het ten doel om handelinge wat internasionale misdade daarstel, te kriminaliseer; om immuniteit teen vervolging van internasionale misdade te reguleer; om ekstra-territoriale jurisdiksie aan die howe ten opsigte van internasionale misdade te verleen; om die ondersoek en vervolging van internasionale misdade te reguleer; om voorsiening te maak vir die uitlewering aan vreemde State van persone wat van internasionale misdade beskuldig word of daaraan skuldig bevind is; om voorsiening te maak vir die oorhandiging aan entiteite van persone wat van internasionale misdade beskuldig word of daaraan skuldig bevind is; om voorsiening te maak vir samewerking met entiteite ten opsigte van internasionale misdade; om die Wet op die Implementering van die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof, 2002, te herroep; om die "Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013" te wysig ten einde immuniteit vir sekere persone teen vervolging ten opsigte van die misdryf van marteling te bevestig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

3. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement by <http://www.justice.gov.za> en die Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnummer: (021) 465-7531).